

## Book Review / Boekresensie

### *Tipering van die Afrikaanse kortverhaal*

Theunie van der Merwe. 1984

Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, Potchefstroomse Universiteit vir CHO (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, Reeks A: Geesteswetenskappe, nr. 47)

Hierdie publikasie is die resultaat van 'n studie wat onder leiding van prof. D.H. Steenberg aan die PU vir CHO onderneem is. Die teks beslaan ongeveer 270 bladsye waarvan die eerste 160 teoreties van aard is en die res 'n toepassing van dié teorie op 'n negetal Afrikaanse kortverhale bring.

In haar probleemstelling sit die skryfster uiteen waaroor dit vir haar hier gaan: resensies en literatuurbeskouings van die afgelope twee tot drie dekades wys uit dat resensente en kritici 'n probleem ondervind om die moderne Afrikaanse kortprosatexte te tipeer. Voor die verskyning van Jan Rabie se *21* in 1956, wat Van der Merwe (tereg) as waterskeiding binne die Afrikaanse kortprosaliteratuur sien, was die benamings kortverhaal, skets, essay en novelle voldoende terme om dié soort tekste mee aan te dui; daarna het so 'n diversifikasie gekom dat die ou tiperingsbegrippe nie langer in staat was om die verskeidenheid tekste te benoem nie. Nuwe tiperingsbegrippe is geskep of ingevoer.

Van der Merwe identifiseer ook verdere probleme. Sy vra haar af of ons hier net met 'n tiperingskwessie van die kortverhaal te make het, en of dit nie saamhang met 'n nuwe subgenre wat tot stand gekom het nie. Sy voer dit verder deur te vra of die tiperinge nie dui op 'n nuwe genologiese indeling nie, en wat die verskil tussen tipering en genologie is.

Niemand sal sekerlik betwis dat daar vandag groot onsekerheid bestaan waar dit gaan oor die benoeming van uiteenlopende kortprosatexte nie. Voor sestig is die benaming kortverhaal gebruik vir 'n bepaalde soort teks, wat oor die algemeen kort en verhalend was (en met verhalend is dan gewoonlik bedoel dat dit 'n lynvertelling was), maar daarna het skrywers in baie gevalle weggebreek van die sterk epiese teks en het daar 'n ongemak gekom om die term *kortverhaal* in verband met hierdie kortprosatexte te gebruik.

Dit bring 'n mens by 'n interessante kwessie (wat Van der Merwe nie aanraak nie), naamlik hoekom daar in die geval van die kortprosatexte so baie terme geskep is, terwyl dit nie met die roman gebeur het nie – 'n gebied waarop daar net so ingrypend vernuwe is as op die terrein van die kortverhaal. Is dit nie dalk omdat die term *kortverhaal* na 'n deskriptiewe benaming klink en die benaming *roman* nie? En as die roman sonder soveel diversifikasie kan klaarkom, het daar nie dalk in die geval van die kortverhaal 'n heeltmaal oordrewe soeke na nuwe terme gekom nie?

Van der Merwe toon aan dat daar geen gebrek aan moontlik vervangende terme is nie. Dit doen sy eers in haar eerste hoofstuk waar sy die tipering na

1956 nagaan en nog breër in die derde hoofstuk waar sy verskillende bestaande terme soos *kortkuns*, *prosa gedig*, *prosas*, *kort-kortverhale*, *sketse*, *prosasketse*, *sketsverhale* e.s.m. bekyk en ook aandui wie dié terme gebruik het. Hier is nie net oorfleueling nie, maar 'n oorvolledigheid en oordeeglikheid in die kompilasie, wat hierdie gedeeltes in 'n moeisame enumerering laat verval.

Van der Merwe gaan uiteindelik die aanvaarbaarheid van hierdie terme na, maar nie voordat sy die leser georiënteer het oor tipering as wetenskaplike beskrywingsmetode en ook verder omskryf het wat sy onder tipering, definiëring, genologie en tipologie verstaan nie. Hier beweeg sy in genreteorie in, en in dié proses steun sy sterk op skraps bronne soos literêre woordeboeke (Preminger, Shipley, Shaw, Abrams, Fowler) en ook 'n effens verouderde skrywer soos Maatje. Meer resente werke van skrywers soos Bal en Genette ontbreek, en intertekstualiteit, wat hier sekerlik tersaaklik is, word glad nie aangeraak nie. Dit val trouens in Van der Merwe se bibliografie op dat sy min redelik resente teoretiese bronne gebruik – daar is hoogstens vier van na 1975, en haar werk het in 1984 verskyn. Hier kan 'n mens nie anders as om ernstige vraagtekens te plaas nie.

Na 'n tipologiese verkenning van die Afrikaanse prosa, in die besonder die kortverhaal sedert sestig, kom Van der Merwe tot 'n kritieke hoofstuk in haar betoeg wanneer haar die genologiese begrensing van die moderne kortverhaal nagaan. Hier ontleed sy veral die verskille tussen die kortverhaal en ander prosasubgenres, en abstraheer dan kenmerke van die moderne kortverhaal. Hierop berus die res van haar ondersoek, want in haar analyses wil sy 'n toepassing van die abstrakte model op enkele kortverhale maak.

Die vergelyking van die kortverhaal met die ander prosasubgenres is ongelukkig een van die swakste afdelings in die studie. Van der Merwe verval hier meermale in die maak van kategoriese stellings en toon hoe onseker sy teoreties beweeg. Die onderafdelings is ook feitlik nutteloos kort. Van die kortverhaal word o.m. gesê dat vermaak daarin geen rol speel nie (is daar werklik geen vermaaklike kortverhale nie?); by die vertelling is daar geen poging om die verwickelder moderne vertelling soos dié van Grové te akkommodeer nie, en van die skets word gesê dat jy daarin 'net een van die drie epiëse elemente aantref: òf karakter òf gebeure òf agtergrond'.

Hierdie, en 'n hele reeks verdere stellings, kan nie net keer op keer met bestaande voorbeelde binne die Afrikaanse literatuur getroef word nie, maar dit verbaas 'n mens dat Van der Merwe hier so moeiteloos grense trek tussen subgenres, terwyl haar hele studie haar tog juis daarvan bewus behoort te gemaak het presies hoe versigtig hierdie soort onderskeidings gehanteer moet word.

Ook in haar 'abstraksie' verval Van der Merwe in kategoriese en veralgemenende stellings. Sy beskou die komplekse tyd- en ruimtehantering in die moderne kortverhaal as van die belangrikste kenmerke waardeur dit genologies van ander subgenres in die prosa verskil, terwyl die belangrikste kenmerk van die verteller binne die moderne kortverhaal is 'dat die gebeure vanuit 'n enkele bewussyn beleef word' (eers in haar samevatting meer as honderd bladsye later word dit duidelik dat sy nie hiermee (ook) op die personale

verteller dui nie, maar dat sy die ek-spreker teenoor die alwetende verteller stel). Heelwat van wat hier aangebied word as onderskeidend van die kortverhaal, is sekerlik net so waar of selfs waarder van die roman.

Daar is nie ruimte om breedvoerig in te gaan op Van der Merwe se ontledings nie, en daarom slegs enkele opmerkings hieroor. Die besprekings is nie sonder meriete nie en daar word verhelderende dinge oor die tekste gesê. Dit gaan egter vir die skryfster in die eerste plek daarvoor om deur haar ontledings aan te toon dat die verhale haar teorie waar bewys deur ooreen te kom met haar geabstraheerde kenmerke van die kortverhaal. Soos reeds aangedui, is hierdie kenmerke nie deurgaans spesifiek-onderskeidend van die kortverhaal nie, en al is sy van mening dat sy in 'n groot mate dié korrelasie kry, staaf dit dan tog nie deurgaans haar argument nie.

Die belangrikste bydrae van hierdie studie is dat dit vir die eerste keer 'n bepaalde korpus materiaal byeenbring en sistematiseer en daarna verder gaan en op terminologiese gebied groter helderheid probeer bring. Dat die skryfster nog steeds die kortverhaal as die oorkoepelende subgenre beskou waaruit die ander sub-subgenres vertak, en wegbeweeg van die oordrewe reeks sub-subgenres wat reeds onderskei is, is 'n wins, alhoewel daar sekerlik nie eenstemmigheid sal bestaan oor of haar vier sub-subgenres 'n noodwendige en geslote reeks vorm nie.

Die opvallendste gebreke in die werk is oorvolledigheid by tye wat tot herhaling lei, 'n oorwegend kompilatoriese aanslag in die teoretiese gedeelte, 'n bronnelys wat in belangrike opsigte onvolledig is en dus die gehalte van die betoog oor bepaalde aspekte vervlak, en erg kategoriese en daarom dikwels onjuiste stellings wat gemaak word. Dit is om hierdie voorbehoude dat die studie nie heelhartig as bydrae tot die gesprek rondom die kortverhaal as genre verwelkom kan word nie.

**J.P. Smuts, Universiteit van Stellenbosch**